

**4 April 2021      Geloof is om nie te sien nie maar verseker te weet.**

**Groete en Verwelkoming**

**Oomblik van Stilte**

**Seëngroet**

Familie en vriende ek groet julle vanoggend met die woorde. “Genade en vrede vir julle van God ons Vader, van Onse Here Jesus Christus en deur die kragtige werking van die Heilige Gees.”

**Die Wet**

**Apostoliese geloofsbelydenis**

**Skriflesing: Johannes 20:19-31**

19 Daardie Sondagaand was die dissipels bymekaar. Alhoewel die deure gesluit was omdat hulle bang was vir die Jode, het Jesus gekom en tussen hulle gaan staan en vir hulle gesê: “Vrede vir julle!”

20 Nadat Hy dit gesê het, wys Hy sy hande en sy sy vir hulle. Die dissipels was baie bly toe hulle die Here sien.

21 “Vrede vir julle!” sê Hy weer vir hulle. “Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook.”

22 Nadat Hy dit gesê het, blaas Hy oor hulle en sê: “Ontvang die Heilige Gees!

23 As julle vir mense hulle sondes vergewe, word dit hulle deur God vergewe; as julle dit nie vergewe nie, word dit nie deur God vergewe nie.”

24 Tomas, wat ook Didimus genoem is, een van die twaalf, was nie by die dissipels toe Jesus gekom het nie.

25 Die ander dissipels sê toe vir hom: “Ons het die Here gesien!” Maar hy sê vir hulle: “As ek nie die merke van die spykers in sy hande sien en my vinger in die merke van die spykers steek en my hand in sy sy steek nie, sal ek nooit glo nie.”

26 Ag dae later was Jesus se dissipels weer bymekaar, en Tomas was by hulle. Hoewel die deure gesluit was, het Jesus gekom en tussen hulle gaan staan en gesê: “Vrede vir julle!”

27 Daarna sê Hy vir Tomas: “Bring jou vinger hier en kyk na my hande; en bring jou hand en steek hom in my sy; en moenie langer ongelowig wees nie, maar wees gelowig.”

28 En Tomas sê vir Hom: “My Here en my God!”

29 Toe sê Jesus vir hom: “Glo jy nou omdat jy My sien? Gelukkig is dié wat nie gesien het nie en tog glo.”

30 Jesus het nog baie ander wondertekens, wat nie in hierdie boek beskrywe is nie, voor sy dissipels gedoen.

31 Maar hierdie wondertekens is beskrywe sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, in sy Naam die lewe kan hê.

**Geloof is om nie te sien nie maar verseker te weet.**

Met die opstanding van Jesus het mense soms die idee dat dit net ‘n mooi storie is wat ons geloof moet versterk, dan soos wat mense die evangelies lees kom mense agter dat die opgestane Jesus en die gekruisigde Jesus dieselfde Jesus is.

Hoekom sê ek so?

As ons na die opstanding kyk en veral na vanoggend se teks dan bevestig dit vermoede of gedagte vir ons.

Jesus, wat op goeie Vrydag gekruisig is het wel soos Hy gesê het die tempel (opgestane Jesus) herbou in drie dae! By die opstanding van Jesus en met die aanskouing van 'n leë graf het Jesus, heel eerste aan Maria Magdalena verskyn.

Dit is hier waar die storie begin vanoggend. Maria Magdalena was een die vroeë vroue wat Jesus gevolg het orals waar Hy gegaan het en in my verstaan van die Skrif verdien sy eintlik om deel van die dissipels te gewees het. Dit is dieselfde Maria uit wie Jesus die bose geeste gedryf het.

Aanvanklik by die graf sien sy die leë graf en dink iemand het Jesus se liggaam gesteel deur die nag.

So, die eerste verskyning van dus deur Jesus, wat aan die vrou verskyn het wat tot op die laaste by Hom was. Sy speel 'n groot rol hier. Eers herken sy nie vir Jesus nie en dan later noem sy vir Jesus haar leermeester.

Daardie aand verskyn Jesus aan die dissipels. Hulle kruip op 'n manier weg en die skrif sê vir ons dat Jesus aan hulle verskyn het. Die deure was gesluit wat daarop dui dat die dissipels op 'n manier wegkruip en half rigtingloos is.

Nadat Jesus hulle gegroet het wys Hy vir hulle Sy hande en sy sy. Om hulle gerus te stel dat dit werklik Hy is wat gekruisig was en opgestaan het.

Met Jesus se verskyning aan die dissipels sien ons Jesus doen 2 dinge.

1. Hy verseker hulle dat dit werklik Hy is.

2. Hy gee aan hulle die opdrag om uit te gaan en die evangelie te versprei.

Daarna blaas Hy oor hulle en elkeen van hulle die Gees van God ontvang.

Hy gee dan vir hulle ook die opdrag om te vergewe net soos die Vader hulle ook vergewe het.

Weereens is Jesus se gesindheid hier ter sprake wanneer Hy vir hulle uiteensit wat God se wil is.

Dan kom ons by die gedeelte waar ons lees van Tomas. Tomas wat een van die 12 is, was nie by hulle toe Jesus aan hulle verskyn het nie en daarom is dit 'n gepaste reaksie wanneer die ander dissipels vir hom sê dat hulle het vir Jesus gesien, Hy is werklik uit die opgewek.

Dan sien ons de ongeloof in hom raak wanneer Tomas vir die ander sê dat as Hy dit nie sien met sy eie oë nie dan sal hy nie glo nie. Tomas wil egter een stap verder gaan. Hy wil die merke sien en dit voel dan sal hy glo.

8 dae later verskyn Jesus weer aan die dissipels. Jesus en Tomas tree hier in gesprek wanneer Jesus almal gegroet het en dan vir Tomas sê bring jou vinger hier en kyk. Eers na hierdie besef Tomas dat dit werklik Jesus is en Hy spreek hom ook so aan. My Here en my God.

Daarop is skerp reaksie van Jesus af wanneer Jesus vir Tomas vra glo jy nou omdat jy gesien het? Ook antwoord Jesus hulle dan met die woorde gelukkig is die wat nie gesien het nie, maar tog geglo het.

Tomas sal vir altyd die dissipel wees wat nie geglo het nie, maar getwyfel het totdat Hy vir Jesus gesien het en die merke aanskou en gevoel het.

Tomas is ook nie iemand wat ons baie van lees nie, ons weet ook nie waarom in ons gelese teks nie by die ander dissipels was nie. Tomas was

wel een van die dissipels wat werklik met toewyding vir Jesus gevolg het. Tomas se twyfel kry hom egter onder wanneer hy nie wou glo dat die dissipels werklik vir Jesus gesien het nie.

Familie en vriende is dit nie ook hoe ons soms is nie. Ons glo net wanneer ons sien. As ek dit nie sien nie dan glo ek nie. Geloof word daarom nie ernstig opgeneem nie. Maar vreemd genoeg is dat ons eintlik selektiewe geloof het as dit by die Here kom.

Ons moet altyd alles beproef anders sal ons nie glo nie. As dit nie bewys kan word nie, glo ek nie.

Daarom die woorde van Tomas draai die heelyd in my gedagtes om. En ek wil die vraag na julle gooi en vir julle vra, maar wat is geloof vir jou?

Billy Graham het dit mooi verduidelik en gesê dat God kan nie in 'n proefbuis geplaas word nie. Hy kan nie in 'n laboratorium gemaak/vervaardig word nie, maar as hy na die sterre kyk dan moet daar 'n God wees wat alles kan beheer. As mens na die natuur kyk dan kan mens nie ander as om te glo nie daar 'n God is nie. Seisoene wat verander van somer, na herfs na winter en skielik die prag van natuur in lente en weer somer. Ons is steeds hier ten spyte van die swaar tye in ons lewe.

Hy sê verder dat hy nie vir God hoef te sien om te glo nie, die vraag is net is ons geloof sterk omdat ons sien of is dit juis omdat ons nie sien nie dat ons glo dat ons die God dien van die onmoontlike.

Ek sluit af met die gedagte.

Ons kan werklik glo juis omdat ons nie net 'n boek lees nie, maar 'n God geïnspireerde woord van God. Die Woord van God is nie net nog 'n boek nie, maar 'n geloofsdokument. En daarom as die Woord van God vir jou en my leer dat Jesus werklik in gestalte van God was, Hy onder ons kom

woon het gesterf het en begrawe is op die derde dag weer opgestaan uit die dode en nou aan dissipels verskyn het dan hoef mens nie dit werklik te sien om te glo nie.

Mag dit in julle lewe ook so wees dat ons nie werklik hoef te sien nie, maar altyd sal glo dat die Here, dat ons Here Jesus werklik lewe en die grootste oorwinning behaal het en dat geen kragte of magte Hom kon vashou nie en so ook kan ons die opstanding van Jesus sien as die manier waarop ons hoop het in die lewe.

### **Die vraag is net hoe lyk jou geloof?**

Ons moet elke dag daarna strewe om te glo selfs al gaan dit moeilike in ons lewe! Ons moet daarna strewe om met 'n vernuwende perspektief te kyk na die lewe en dan sal ons kan sien hoe groot ons God werklik is.

Amen

### **Gebed**

### **Seëngroet**

24“Die Here sal julle seen en julle beskerm;

25. die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees;

26. die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee